

Dinsdag 19 Junie

Skrifgedeelte: Nehemia 4:1-6

Fokusgedeelte: Nehemia 4:4a, 6a

Bou ondanks bouse aanslae!

Satan is besonder aktief daar waar die Here besig is om te werk. Die herstel van die muur vorder fluks. Die spot word indringender. Sanballat praat smalend van die werk wat die Judeërs aan Jerusalem se mure doen. Ons kan ons maklik in ons land indink in so 'n situasie.

Om enigsins doeltreffend te wees in hulle doel om die bouers te ontmoedig, moes die vyande 'n protesaksie (toi-toi) reël. Hulle swaai plakkate rond: Waarmee is die arme Judeërs besig? Wil hulle die stadsmuur in een dag bou uit daardie hope stof en as? Tobija spot saam deur die resultaat van die bouery aan te val: "As 'n jakkals teen die muur spring, sal hy 'n gat in die klipmuur breek." Spot is 'n skadelike wapen, wat dikwels afskrik waar regstreekse aanslae faal.

Teenoor die spot roep Nehemia God tot getuie van die spot aan: "Hoor dit, ons God! Laat die smaad op hulle eie kop afkom." Dit is geen persoonlike wraaksug nie, maar ywer vir die volk en die saak van die Here. Die Judeërs bou ondanks al die gespot verder, en die herstelde muur word opgebou tot die helfte van die voorgenome hoogte.

Eeue later word weer plakkate rondgeswaai: "Kruisig hom!" Jesus Christus antwoord hierop: "Vader, vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie." En later: "Dit is vol-bring!"

Vandag moet ons as navolgers van Christus ook na die gespot van Satan luister. Gee dat ons deur die Heilige Gees gelei, getroue bouers van u kerk sal wees, lig en sout sal wees ten spyte van teëstand.

Sing: Psalm 147-1:2

Ds. Simon Hibbert (Koster)